




# Landsdiens Land Service

KWA ZULU NATAL

NUUSBRIEF / NEWS LETTER

Maart 2019

† Dade nie woorde †  
† Deeds not words †



## VOORWOORD

Landsdiensmaats

Elke jaar begin mens met nuwe energie en vol planne vir die jaar wat voorlê. Net so pak ons 2019 aan by Landsdiens propvol planne, planne vir heerlike kampe en aktiwiteite asook hoe ons die organisasie gaan uitbrei en meer mense bereik met ons uitreikaksies en dan kom die aansoeke vir Junior Springbokke en Springbokke en ons sien hoeveel julle reeds doen. Daar word regoor ons streek uitgereik na mense en die natuur op maniere wat mens stomslaan. Een Landsdiener het vir 150 haweloses kos gegee. Ander het 'n jaar van uitreik aan ouetehuise en kinderhuise gehad. Diereprojekte lê my altyd na aan die hart en ek is bly da tons daar ook 'n verskil gemaak het. Die verskil gaan inkom as ons kan aanhou met hierdie projekte.

I want to congratulate all the Land Service members who were chosen in leadership positions at their respective schools, good luck with what lies ahead. Use the opportunity to promote Land Service in your school by leading by a Land Service example, a lot of fun makes the work seem bearable.

We want you to bring a lot of new faces to Land Service, don't keep the fun a secret, share it with people who want to make a difference.

Good luck with 2019.

Tannie Anita

Hi, Ek is Albon.

Ek is baie lus vir kamp !

Die Provinciale kampe vind plaas by Glenrock naby Mooirivier van 15-19 Junie vir Gr 8 tot 12 en 19-23 Junie vir Gr 5 tot 7. Sien jou daar !



## ECO GECKO

Eco Gecko klublede van Gert Maritz P/S in PMB, is mal oor Kamp!!! Ons is bevoorreg om sommer in die stad n Scout Camp te he met basiese fasiliteite om enige klub kamp vinnig in te pas in ons besige kwartale.

En wanneer die kampterrein nie beskikbaar is nie, dan Kamp ons eenvoudig in ons skoolsaal.

Ons fokus op biodiversiteit, vleiland, bewaring van ons spruit by die skool, herwinning van plastiek en beoog om die nuwe eco-brick idee tot verder hoogtes te neem.

Ons doen ook elke keer handvaardighede en leer ons nuwe lede die Landsdiens liedjies!





## GELOFTE

Gelofte Lansdiens het op Donderdag 31 Januarie kos aan 150 haweloses verskaf. Die ete het bestaan uit 'n maalvleis en pastagereg, brood, vrugte en sap. Anri van Graan in Graad 12 het die projek geleei. Dit was 'n ervaring wat almal se harte aangeraak het en ons met dankbaarheid gevul het. Een van die Lansdieners het na die tyd gesê dat sy nou met ander oë na kos kyk. Ons beoog om dit deur die loop van die jaar weer te doen.

Ons het ook reeds 'n verwelkomingskamp agter die blad waar ons Lansdiens aan alle leerders bekend gestel het in 'n poging om meer lede te werf.



## Redaksionele Beleid / Editorial Policy

Berigte word deur leerders van KZN Lansdiens geskryf. Om deelname te bevorder, word slegs die ergste spelfoute reggemaak. Ons plaas graag jou naam as jy dit verskaf. Hierdie blad en fotos mag nie sonder ouers/voogde se toestemming op sosiale media geplaas word nie.

Reports are written by pupils of KZN Land Service. To promote participation, only the worst spelling mistakes are corrected. We will gladly place your name, if provided. This publication and photos may not be placed on any social media without permission of parents/guardians.

## PIET RETIEF

2019 Begin vir Laerskool Piet Retief se Lansdiens op 'n hoogtepunt met boeresport.

Op 'n eg tradisionele manier word daar sakresies, waterbal-longooi, banderol, watersponsgooi en met 'n eier op 'n lepel resies gehou. Daar word selfs gekyk wie kan eerste fluit na hy 'n koekie geëet het.

Daar is baie gespeel en gelag. Na al die pret sien ons uit na die jaar se program, gevul met lekker aktiwiteite. Hier by die landsdiens dien ons, ons land deur verskillende doelwitte; nl. liefde en respek vir ons Skepper, -vir ons medemens, -vir ons natuur en om te kan werk.

Graag wil ons die gemeenskap betrek by ons projekte, soos om die dorp te help skoonmaak en plastiek te herwin.

Hou ons dop hierdie jaar, want Lansdiens rock!

Nog kospakkies  
van Gelofte  
Lansdiens



## VOORTREKKER

Die Vories het 2019 afgeskop met 'n heerlike middag van waterballonpret. Almal was sopnat maar baie gelukkig. Gedurende die week is daar 'n paar Lansdieners wat volhard met die skoonmaak van Dorpspruit, Rochelle, Hercu en Nicolaas het dit op hulself geneem om 'n paar nie-Lansdieners in te trek en te wys dat hulle nie bang is vir werk nie. Niemand sal hulle glo as hulle moet vertel wat alles uit die spruit gehaal word nie, maar die doel is om die rommel te verminder en dan die indringerplante soos die lantana en die "poison ivy" te verwyder.

Handwerk het nie agterweë gebly nie en die Vories het herwin en herbenut, met Liqui Fruit bokse is daar beursies gemaak en uit koeldrank- en waterbottels is oulike houertjies gemaak wat ons versier het.

'n Groepie van ons lede het na Eden Creche uitgereik waar ons met die kinders gespeel het. Ons gaan nou elke tweede week daar besoek aflê en gaan ook met 'n poppekas begin.

Free Me se direkteur het ons kom toespreek oor die versorging van besoerde wilde diere en veral die handel in ietermagogs (pangolins).



## PIET RETIEF TREK STAPSKOENE AAN

Op 6 Februarie 2019 kom 126 opgewonde leerders van LPR bymekaar gereed vir die eerste landsdiens uitstappie van die jaar. Ons skop die middag af met 'n lekker gees (soos net die Pieties kan) terwyl ons liedjies uit volle bors sing. Dan klim ons die bus na 'n plaas net buite Piet Retief in Mpumalanga. Hier op die mooie plaas is dit heerlik om vir n slag vars lug in te asem terwyl ons n baie interessante stap toer doen.

Met die mooi uitsig en al die diere was hierdie avontuur beslis een vir die boeke. Die uitdrukking op die kinders se gesigte het meer as boekdele gespreek terwyl hulle in verwondering staan oor die swartwildebeeste en blesbokke wat so naby aan ons beweeg. Wow...wat 'n fees.

Die wolke, diere, die prentjie mooi natuur en die ligte briesie deur ons hare het hierdie ondervinding elke tree die moeite werd gemaak.

Baie dankie aan Oom Hennie wat die bus bestuur het en ook aan elke ander persoon wat betrokke was en die uitstappie vir ons moontlik gemaak het.

As ek na hierdie middag saam met die landsdieners een ding kan se, is dit beslis sonder enige twyfel dat LPR se landsdieners weet van uithou, aanhou en volhard !!!

## HEUWELLAND

We strive to always be a helping hand to others so we collected food for the needy children in our school. This food was handed out before the holidays to make sure that our friends did not have empty tummies.


We can't wait for our Friday activities. They are always jam packed with exciting hand crafts and activities. Ons geniet dit baie om saam ons maats te kuier en te leer oor temas soos water, besoedeling en die natuur.

Landsdiens is die beste!



## HOW IS PLASTIC RECYCLED?

This year's Earth Day is focused on mobilizing the world to end plastic pollution. Here, we examine plastics recycling, which plays a big part in these efforts, and the recycling process.





### HOËRSKOOL SUID-NATAL

Landsdieners het vol entoesiasme aan die werk gespring om vir hul Valentynsprojek voor te berei. Valentynsbestellings is uitgevoer en die personeel is ook met allerlei bederf. Valentynaand is met 'n lekker sokkiejol afgesluit. Dit is alles deur die Landsdiens aangebied.

